

TebuCure Prime 250 EC

Act No. 36 of 1947 / Wet Nr. 36 van 1947

SA Reg. No. L10808

**READ ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

GROUP

3

FUNGICIDE

PRODUCT INFO:

An emulsifiable concentrate, systemic fungicide, for the control of diseases on crops as indicated.

PRODUK INFO:

'n Emulgeerbare konsentraat sistemiese swamdoder, vir die beheer van siektes op gewasse soos aangedui.

HAZARD STATEMENTS:

Causes skin irritation.
Causes serious eye irritation.
May cause respiratory irritation.
Suspected of damaging fertility or the unborn child.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

PRECAUTIONARY STATEMENTS:

Wear protective gloves, protective clothing, eye and face protection.
Wash hands and exposed skin thoroughly after handling. Do not touch eyes.



WARNING

Active Ingredient / Aktiewe Bestanddele

Prothioconazole (triazole)

125 g/ℓ

Protiokonasool (triasool)

Tebuconazole (triazole)

125 g/ℓ

Tebukonasool (triasool)

Net (ℓ)

SEE CONTAINER

Registration Holder / Registrasiehouer



ICA International Chemicals (Pty) Ltd. • Reg. No. 2001/013319/07

28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • STELLENBOSCH • 7600 • SOUTH AFRICA

Tel. +27-21 886 9812 • www.icaonline.co.za

Batch No.

SEE

Lot Nr.

Date of Manufacture

CONTAINER

Datum van Vervaardiging

Expiry Date

Vervaldatum

In case of poisoning, call the following number: Human Poison Helpline +27-861 555 777

Emergency Number: Griffon Poison Information Centre +27-82 446 8946



What is
GHS?

TebuCure Prime 250 EC

Act No. 36 of 1947
SA Reg. No. L10808

An emulsifiable concentrate, systemic fungicide for the control of various diseases on crops as listed:

- ▶ **Barley:** Powdery mildew (*Blumeria graminis hordei/Erysiphe graminis*), Leaf spot/Leaf scald (*Rhynchosporium secalis*), Brown rust/Leaf rust (*Puccinia hordei*) and Net blotch (*Pyrenophora teres/Helminthosporium* spp.).
- ▶ **Canola:** Blackleg (*Phoma lingam/Leptoshaeria maculans*) and Sclerotinia stem rot (*Sclerotinia sclerotiorum*).
- ▶ **Wheat:** Brown rust/Leaf rust (*Puccinia triticina*), Powdery mildew (*Blumeria graminis tritici/Erysiphe graminis*), Stem rust (*Puccinia graminis*), Eye spot (*Helgardia herpotrichoides*, previously known as *Pseudocercospora herpotrichoides*), Glume blotch (*Stagonospora nodorum*, previous name *Septoria nodorum*).

ACTIVE INGREDIENTS:

Prothioconazole (triazole) 125 g/ℓ
Tebuconazole (triazole) 125 g/ℓ

REGISTERED BY:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd., Reg. No. 2001/013319/07
28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • Stellenbosch • 7600 • South Africa
Tel. +27-21 886-9812 • www.icaonline.co.za

WARNINGS

Causes skin irritation
Causes serious eye irritation
May cause respiratory irritation
Suspected of damaging fertility or the unborn child
Very toxic to aquatic life with long lasting effects

WITHHOLDING PERIODS (Minimum number of days between last application and harvest or grazing):

- ▶ *Barley* 77 Days
- ▶ *Canola* 21 Days
- ▶ *Wheat* 77 Days

Compliance with these withholding periods and application methods will ensure that residues do not exceed local maximum residue limits (MRL) but may not meet the import requirements of other countries. If the crop to be treated is intended for export, consult the relevant importer or exporting body regarding the use of this product, MRL and recommended waiting periods. Although **TebuCure Prime 250 EC** is regarded as crop-safe on most of the important cultivars, this does not mean that a more sensitive cultivar might be available in future. **TebuCure Prime 250 EC** must be tested on new cultivars prior to usage over big areas.

RE-ENTRY INTERVAL: Do not enter treated field until spray deposit has settled down / dried unless wearing protective clothing. Wash protective clothing after use.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, and the environment or harm to man/animal or for lack of performance of the remedy concerned, due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions, which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

If medical advice is needed, have product container or label at hand.
Obtain, read, and follow all safety instructions before use.
Avoid breathing mist/vapours/spray.
Wash hands and exposed skin thoroughly after handling. Do not touch eyes.
Use only outdoors or in well-ventilated area.
Avoid release to the environment.
Wear protective gloves, protective clothing, eye and face protection.
IF ON SKIN: Wash with plenty of soap and water.
If skin irritation occurs: Get medical help.
IF INHALED: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing. Get medical help if you feel unwell.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to so. Continue rinsing.
If eye irritation persists: Get medical help.
If exposed or concerned, get medical advice.
For specific treatment, see first aid measures on this label.
Take off contaminated clothing and wash it before reuse.
Collect spillage.
Store in a well-ventilated place. Keep container tightly closed.
Store locked up.
Dispose of contents and container in accordance with national regulations.

TRIPLE RINSE THE EMPTY CONTAINER AS FOLLOWS: Invert the empty container over the spray or mixing tank and drain for at least 30 seconds until the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the empty container three times in succession with one quarter of the container volume with fresh water and decant the rinsate into the spray or mixing tank. Puncture the triple rinsed container and dispose of via an approved collector or recycler (www.croplife.co.za). Do not bury, burn or donate the container to any other parties that may use it as a container for food or beverages.

RELEVANT SUBSTANCES:

Prothioconazole (Cas no: 178928-70-6) Aquatic Acute Category 1, H400; Aquatic Chronic Category 1, H410 (12.5 % w/v).

Tebuconazole (Cas no: 107534-96-3) Acute Oral Toxicity Category 4, H302; Aquatic Acute Category 1, H400; Aquatic Chronic Category 1, H410; Reproductive Toxicity Category 2, H361 (12.5 % w/v).

N,N-dimethyldecane-1-amide (Cas no: 14433-76-2) Skin Irritation Category 2, H315; Eye Irritation Category 2, H319; STOT SE Category 3, H335; Aquatic Chronic Category 2, H412 (30 – 60 % w/v).

FIRST AID TREATMENT

In case of accident or if you feel unwell seek medical advice immediately and show this LABEL where possible

INHALATION:	Remove the victim from immediate source of exposure. Move victim to fresh air, if it can be done safely, and keep comfortable. If victim's breathing has stopped, perform artificial respiration. Administer oxygen if victim's breathing is difficult or irregular. Get medical help.
SKIN:	Remove and isolate contaminated clothing, shoes, and leather goods immediately and take a shower. Rinse affected areas (skin) immediately with non-abrasive soap or mild detergent and large amounts of running water. Wash contaminated clothing before reuse. Get medical help if irritation develops and persists.
EYES:	Rinse eyes cautiously with clean running water for at least 15 minutes, while holding eyelids apart. Remove contact lenses after 5 minutes if present and easy to do. Continue rinsing while holding eyelids apart. Seek medical help if irritation continues.
INGESTION:	If swallowed, DO NOT induce vomiting, unless instructed to do so by poison control center or doctor. Have person sip a glass of water if able to swallow. Never give anything by mouth to an unconscious person. If vomiting does occur, keep on giving fluids. Get medical help.
NOTE TO PHYSICIAN:	There is no specific antidote. All treatments should be based on observed signs and symptoms of distress in the patient.
POTENTIAL HEALTH EFFECTS, ACUTE AND DELAYED:	Effects of exposure (inhalation, ingestion, or skin contact) to substance may be delayed.
SYMPTOMS OF HUMAN POISONING:	Prolonged or repeated exposure may cause eye damage, headaches, and dizziness. Some individuals may develop an allergic response.

RESISTANCE WARNING

For resistance management: TebuCure Prime 250 EC contains FRAC group code (3) triazole fungicides. Any fungal population may contain individuals naturally resistant to **TebuCure Prime 250 EC** and other FRAC group code (3) fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungal population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **TebuCure Prime 250 EC** or any other FRAC group code (3) fungicides.

To prevent or delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes.
- For tank mixing or alternation with products in other fungicide group codes, refer to individual product labels.
- Integrate other forms of control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.
- Where resistance has been confirmed or previously suspected do not apply **TebuCure Prime 250 EC** alone but in combination with a suitable partner from different fungicide group codes. This management strategy to prevent resistance should, however, not include fungicide products to which resistance has already developed in the past, or fungicides using the same mode of action.
- For specific information on resistance management contact the registration holder of this product or contact your local supplier.
- **DO NOT** exceed more than two **TebuCure Prime 250 EC** treatments per season.
- Adhere to the dosage rates recommended on the label, **DO NOT** reduce dosage rate.
- **DO NOT** apply any other triazole, or related chemicals, in the same control programme with **TebuCure Prime 250 EC**.

MODE OF ACTION

Prothioconazole and tebuconazole (triazoles) are FRAC group 3, demethylation inhibiting fungicides (DMI), that disrupts fungal membrane function. Both are systemic with protective, curative and eradicant actions.

USE RESTRICTIONS

NOTE: DO NOT SPRAY MORE THAN TWO (2) TEBUCURE PRIME 250 EC APPLICATIONS PER SEASON.

DIRECTIONS FOR USE – use only as directed

COMPATIBILITY:

The compatibility of **TebuCure Prime 250 EC** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. It is possible that formulations may change from time to time. It is therefore recommended that a small-scale physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Always consult the labels of products to be tank mixed with **TebuCure Prime 250 EC**.

MIXING INSTRUCTIONS:

Shake the TebuCure Prime 250 EC container well before use. Replace cap on the container directly after use. Half-fill the spray tank with water and ensure continuous agitation. Only use water suitable for irrigation and avoid using water with high levels of chlorine.

Pre-mix **TebuCure Prime 250 EC** as follows:

Observe the following formulation mixing sequence if other products will be tank mixed with **TebuCure Prime 250 EC**: buffer/acidifier, wettable powders, water dispersible granules, soluble liquids, suspension concentrates and emulsifying concentrates last.

- Pre-mix each product(s) separately with a small volume of water before adding it to the spray tank.

Add the required quantity of **TebuCure Prime 250 EC** in at least 10 l water and mix. Add the pre-mixture to the water and fill the tank to the required volume with clean water while maintaining agitation, to ensure thorough mixing of the spray mixture, before and during application. **TANK MIXTURES MUST BE SPRAYED OUT IMMEDIATELY AND NOT ALLOWED TO STAND IN THE SPRAY TANK OVERNIGHT.** Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

APPLICATION:

- Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly to ensure even and accurate application. Repeat the application if it rains within two (2) hours after application.

Aerial Application:

Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the lands to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow spray drift to water or areas not under treatment and contaminate these areas. Familiarise yourself and inform the pilot of the Stewardship requirements related to the aerial application of **TebuCure Prime 250 EC**. It is important to ensure that the spray mixture is evenly distributed over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. The following requirements are essential to meet these criteria:

- 1) Application must be conducted by a registered Aerial Application Operator. The aircraft must be correctly calibrated according to the instructions of SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides).
- 2) A spray mixture volume of 30 – 40 litres water per hectare is recommended. However, this product has not been evaluated at a reduced volume rate, and the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aurally at a lower volume rate than recommended above.
- 3) 25 – 35 droplets per cm² must be recovered at the target area.
- 4) A droplet spectrum with a VMD of 280 – 300 microns is recommended. Fine droplets less than 150 micron (high drift and evaporation potential) should be limited to a minimum.
- 5) Maintain the height of the spray boom at 3 – 4 metres above the target. Do not spray when the aircraft is diving, climbing or when banking.
- 6) Use suitable atomizing equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.
- 7) Position all the atomizers within the inner 60 – 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- 8) The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8 °C.
- 9) When wind speed exceeds 15 km/h, stop spraying.
- 10) During the heat (dry) of the day conditions can become turbulent and unstable. If so, stop spraying.
- 11) Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
 - a) reduced efficacy due to inadequate coverage caused by suspension and evaporation of small droplets in the air,
 - b) drifting of the spray mixture to non-target areas which may cause damage to other sensitive crops and contamination of such areas.
- 12) Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- 13) Assurance needs to be obtained from the Aerial Spray Operator that the requirements above will be met, and that relevant data will be compiled and kept in a logbook for future reference.

Ground Application:

TebuCure Prime 250 EC can be applied with a conventional high-volume spray equipment. Calibrate the spray equipment before application to ensure that the correct dosage and coverage is applied. The distribution of the spray volume on the target area must be uniform.

Apply the recommended dosage rate of **TebuCure Prime 250 EC** in 300 ℓ water per hectare.

APPLICATION TABLE		
CROP and DISEASE	DOSAGE RATE per hectare or as indicated	REMARKS
BARLEY Leaf spot/Leaf scald (<i>Rhynchosporium secalis</i>)	350 mℓ TebuCure Prime 250 EC /ha	It is IMPORTANT to apply TebuCure Prime 250 EC when the first symptoms are observed, or between the 7-leaf and flag-leaf stages. A single application should be sufficient for control, but under conditions conducive for disease development or when symptoms reappear, a second application can be applied 3 – 4 weeks later.
Leaf rust/Brown rust (<i>Puccinia hordei</i>)	300 mℓ TebuCure Prime 250 EC /ha	Leaf rust/Brown rust, Powdery mildew: Apply TebuCure Prime 250 EC when the first symptoms are observed. When symptoms reappear, apply a second application four (4) weeks later . For Net blotch , when high infection pressure conditions persist, a follow-up application can be applied 3 – 4 weeks after 1st application .
Net blotch (<i>Pyrenophora teres</i> / <i>Helminthosporium</i> sp.)	1 st application 400 mℓ/ha 2 nd application 350 mℓ/ha	
Powdery mildew (<i>Brumeria graminis hordei</i> / <i>Erysiphe graminis</i>)	300 mℓ TebuCure Prime 250 EC /ha	
CANOLA Blackleg (<i>Leptosphaeria maculans</i> anamorph <i>Phoma lingam</i>)	630 – 760 mℓ TebuCure Prime 250 EC /ha	Apply the first application at the 4 – 6 leaf stage on susceptible cultivars or under conditions of high disease risk. A second application can be applied at green bud stage in high risk situations or in the absence of a blackleg seed treatment. Apply the higher rate under high disease pressure. Treatment will reduce stem canker developing from blackleg and lodging occurring.
Sclerotinia stem rot (<i>Sclerotinia sclerotiorum</i>)		Apply TebuCure Prime 250 EC preventatively between 20 % and 50 % flowering (full bloom). For best results, apply TebuCure Prime 250 EC preventatively at 20 – 30 % flowering, before significant disease symptoms are observed. Good coverage throughout the canopy is important. Apply the higher rate (760 mℓ/ha), under high disease pressure

NOTE: Higher blackleg (*Leptosphaeria maculans*) risk, during higher rainfall periods, can be expected and where crops are grown within 500 m of a previous year's stubble. Factors which can increase blackleg infection are high intensity of canola crops in the area, rainfall before sowing, frequency of cultivating the same canola cultivar. The higher the frequency of growing the same cultivar, the greater the risk of selecting races of the fungus that are virulent against that cultivar.

WHEAT:

1. **Leaf diseases:** Apply **TebuCure Prime 250 EC** at the first signs of infection before the infection level has reached 5 %. For eye spot refer to the application table.
2. For wheat, after the initial application, a second application 3 weeks (21 days) later is recommended in plantings with a high yield potential. This is essential when the initial application was made early (first node stage) or when other diseases develop later in the season.

Brown rust/Leaf rust (<i>Puccinia triticina</i>)	300 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	It is IMPORTANT to apply TebuCure Prime 250 EC when the first symptoms are observed, but not later than the flag-leaf stage .
Powdery mildew (<i>Blumeria graminis tritici</i> / <i>Erysiphe graminis</i>)	400 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Repeat application when symptoms reappear.
Glume blotch (<i>Stagonospora nodorum</i> , previous name <i>Septoria nodorum</i>)	400 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Apply from 2nd node stage, but not later than ear emergence.
Eye spot (<i>Helgardia herpotrichoides</i> , previously known as <i>Pseudocercospora herpotrichoides</i>)	600 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Apply one (1) application during the 1st to 2nd node stage.
Stem rust (<i>Puccinia graminis</i>)	300 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Apply TebuCure Prime 250 EC when the first symptoms are observed.

TBPT-001

TebuCure Prime 250 EC

Wet Nr. 36 van 1947
SA Reg. Nr. L10808

'n Emulgeerbare konsentraat, sistemiese swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos gelys:

- ▶ **Gars:** Poeieragtige meeldou (*Blumeria graminis hordei/Erysiphe graminis*), Blaarvlek (*Rhynchosporium secalis*), Bruinroes/Blaarroes (*Puccinia hordei*) and Netvlek (*Pyrenophora teres/Helminthosporium* spp).
- ▶ **Kanola:** Swartstam (*Phoma lingam/Leptosphaeria maculans*) and Sclerotinia stamvrot (*Sclerotinia sclerotiorum*).
- ▶ **Koring:** Bruinroes/Blaarroes (*Puccinia triticina*), Poeieragtige meeldou (*Blumeria graminis tritici/Erysiphe graminis*), Stamroes (*Puccinia graminis*), Oogvlek (*Helgardia herpotrichoides*, voorheen bekend as *Pseudocercospora herpotrichoides*), Bruinaarsiekte (*Stagonospora nodorum*, vorige naam *Septoria nodorum*).

AKTIEWE BESTANDELE:

Protiokonasool (triasool) 125 g/ℓ
Tebukonasool (triasool) 125 g/ℓ

GEREGISTREER DEUR:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd., Reg. Nr. 2001/013319/07
Plankenstraat 28 • Plankenbrug Industrieël • Stellenbosch • 7600 • Suid-Afrika
Tel. +27-21 886-9812 • www.icaonline.co.za

WAARSKUWINGS

Veroorsaak velirritasie
Veroorsaak ernstige oogirritasie
Mag lugwegirritasie veroorsaak
Vermoede dat dit vrugbaarheid of die ongebore kind beskadig
Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge

ONTHOUDINGS PERIODES (Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes of beweiding):

- ▶ *Gars* 77 Dae
- ▶ *Kanola* 21 Dae
- ▶ *Koring* 77 Dae

Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes en toedieningsmetodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoervereistes van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel gaan word, bestem is vir uitvoer, raadpleeg die betrokke in- of uitvoerder rakende die gebruik van hierdie produk, die MRL en aanbevole onthoudingsperiodes. Alhoewel **TebuCure Prime 250 EC** as gewasveilig beskou word op meeste van die belangrike kultivars, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar in die toekoms op die mark kan kom nie. **TebuCure Prime 250 EC** moet eers op nuwe kultivars getoets word voordat dit oor groot areas aangewend word.

HERBETREDINGSINTERVAL: Moenie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word. Beskermende oorklere moet gewas word na gebruik.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.
Hou buite bereik van kinders.
Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.
Verkry, lees en volg alle veiligheidsinstruksies voor gebruik.
Vermyn die inaseming van stuifsel/dampe/spuitstof.
Was hande en blootgestelde vel deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie
Gebruik slegs buitenshuis of in 'n goed geventileerde area.
Vermyn vrystelling in die omgewing.
Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oog- en gesigbeskerming.
INDIEN OP VEL: Was met baie water en seep.
Indien velirritasie ontstaan: Kry mediese hulp.
INDIEN INGEASEM: Neem slagoffer na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling. Verkry mediese hulp indien jy ongesteld voel.
INDIEN IN OË: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese hulp.
INDIEN blootgestel of besorg, verkry mediese advies.
Vir spesifieke behandeling sien noodhulp afdeling op hierdie etiket.
Trek alle besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik.
Maak stortsel bymekaar.
Berg in 'n goed geventileerde plek. Hou houer dig toe.
Berg agter slot en grendel.

Raak ontslae van inhoud en houer in ooreenstemming met nasionale regulasies.

SPOEL DIE LEË HOUER DRIE MAAL SOOS VOLG: Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes totdat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer uit met vars water, teen 'n kwart van die houer se volume, en giet die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Kap gate in die drie keer gespoelde houer, waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za). Moenie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Protiokonasool (Cas no: 178928-70-6) Waterlewend Akueel Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410 (12.5 % m/v).

Tebukonasool (Cas no: 107534-96-3) Akute Giftigheid Mondelings Kategorie 4, H302; Waterlewend Akueel Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410; Reproductiewe Toksisiteit Kategorie 2, H361 (12.5 % m/v).

N,N-dimethyldecan-1-amide (Cas no: 14433-76-2) Vel Irritasie Kategorie 2, H315; Ernstige Oogirritasie Kategorie 2, H319; Spesifieke teikenorgaangiftigheid, eenmalige blootstelling (STOT SE) Kategorie 3, H335; Waterlewend Kronies Kategorie 2, H412 (30 – 60 % m/v).

NOODHULP BEHANDELING

In geval van 'n ongeluk of as jy onwel voel, verkry onmiddellik mediese advies en wys hierdie ETIKET waar moontlik

INASEMING:	Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe. Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is. Verkry mediese hulp.
VEL:	Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik en stort. Spoel aangetaste areas (vel) onmiddellik met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. Was besmette klere voor hergebruik. Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.
OË:	Spoel oë versigtig met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede vanmekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen. Hou aan met spoel terwyl ooglede vanmekaar gehou word. Kry mediese hulp indien irritasie voortduur.
OPNEMING:	Indien ingesluk, MOENIE vomering induseer nie, tensy 'n gifsentrum of dokter opdrag gee om dit te doen. Laat die persoon slukkies water neem indien dit moontlik is om te sluk. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie. Indien die persoon wel vomeer, hou aan om vloeistowwe te gee. Verkry mediese hulp.
NOTA AAN GENEESHEER:	Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt.
MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE, AKUE EN VERTRAAGD:	Gevolge van blootstelling (inaseeming, opneming of velkontak) aan stof kan vertraag wees.
SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING:	Langdurige of herhaalde blootstelling kan skade aan oë, hoofpyn en duiseligheid veroorsaak. Sommige individue kan 'n allergiese reaksie ontwikkel.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur: TebuCure Prime 250 EC bevat FRAC groepkode (3) (triasool) swamdoders. Enige swam populasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen TebuCure Prime 250 EC, of enige ander FRAC groepkode (3) swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swam populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur TebuCure Prime 250 EC of enige ander FRAC groepkode (3) swamdoder beheer word nie.

Om weerstand te vertraag:

- Vermoed die herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde swamdoder groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
- Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.
- Waar weerstand bekend is of vermoed word, moet TebuCure Prime 250 EC nie alleen toegedien word nie. Gebruik 'n tenkmengsel met 'n geregistreerde swamdoder van 'n ander swamdoder groepkode. Hierdie bestuurstrategie om weerstand te voorkom, moet egter nie swamdoder produkte insluit waar weerstand in die verlede aangemeld is nie, of dieselfde werkswyse het nie.
- Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk of jou plaaslike verskaffer.
- **MOENIE** meer as twee TebuCure Prime 250 EC behandelings per seisoen oorskry nie.
- Gebruik slegs die aanbevole dosisse wat op die etiket aangedui word, MOENIE die dosisse verlaag nie.
- **MOENIE** enige ander triasool, of verwante chemikalieë in dieselfde beheerprogram as TebuCure Prime 250 EC toedien nie.

WERKINGSWYSE

Protiokonasool en tebukonasool (triasole) is FRAC-groep 3, demetieleringinhiberende swamdoders (DMI). Beide is sistemies met beskermende, genesende en uitwissende aksies.

GEBRUIKSBEPERKINGS

NOTA: MOENIE MEER AS TWEE (2) TEBUCURE PRIME 250 EC BESPUITINGS PER SEISOEN TOEDIEN NIE.

VERENIGBAARHEID:

Die verenigbaarheid van **TebuCure Prime 250 EC** met produkte hang af van die formulase van die betrokke produkte asook die kwaliteit van die water wat gebruik gaan word. Dit is moontlik dat formulases van tyd tot tyd kan verander, en dus word daar aanbeveel dat 'n kleinskaalse fisiese verenigbaarheidstoets (fles toets) uitgevoer word, voordat 'n tenkmengsel gemaak word. Raadpleeg altyd individuele produk etikette van wat in 'n tenkmengsel saam met **TebuCure Prime 250 EC** gebruik gaan word.

MENGINSTRUKSIES:

Skud die TebuCure Prime 250 EC houer deeglik voor gebruik. Plaas prop terug op houer direk na gebruik. Vul die spuittenk halfvol met skoon water wat geskik is vir besproeiing en maak seker dat spuittenk deurentyd gemeng word. Vermy die gebruik van water met 'n hoë chloor inhoud.

Meng TebuCure Prime 250 EC vooraf as volg:

Let op die volgende mengvolgorde van die formulase indien ander produkte saam met **TebuCure Prime 250 EC** in 'n tenkmengsel toegedien word: Buffer/versuurder, benatbare poeiers, waterdispergeerbare korrels, suspensie konsentrate, emulgeerbare konsentrate en oplosbare konsentrate laaste.

- Meng elke produk afsonderlik met 'n klein hoeveelheid water voordat dit in die spuittenk gevoeg word.

Voeg die benodigde hoeveelheid **TebuCure Prime 250 EC** by ongeveer 10 ℓ water en meng goed. Voeg die mengsel by die tenk en vul met skoon water tot by finale volume. Maak seker dat die spuittenk voordurend gemeng word om vermening te verseker voor en tydens toediening. **DIE TENKMENGSSEL MOET ONMIDDELLIK UITGESPUIT WORD EN NIE TOEGELAAT WORD OM OORNAG IN DIE SPUITENK TE STAAN NIE.** Spuittoerusting moet deeglik uitgespuit/skoongemaak word na afloop van toediening.

TOEDIENING:

• Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gaan gereeld na om seker te maak dat die toediening egalig en akkuraat is. Herhaal toediening indien dit binne twee (2) ure na aanwending reën.

Lugbespuiting:

Stel alle inwoners in kennis in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede wat nie onder behandeling is spuit nie en voorkom dat die spuitnewel na hierdie gebiede oorwaai. Vergewis uself en stel die vliegtuigloods in kennis van die Rentmeesterskap-vereistes wat verband hou met die lugbespuiting van **TebuCure Prime 250 EC**. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en dat die verlies aan spuitmateriaal tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Die volgende vereistes moet gevolg word om bostaande te bewerkstellig:

- 1) Toediening moet gedoen word deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur. Die vliegtuig moet geregistreer en korrek gekalibreer wees volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides).
- 2) 'n Spuit volume van 30 – 40 liter water per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is egter nie teen 'n verlaagde volume getoets nie, en die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige gevolge indien die produk teen 'n laer volume toegedien word nie.
- 3) 25 – 35 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- 4) 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 – 300 mikron word aanbeveel. Druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) moet tot 'n minimum beperk word.
- 5) Handhaaf die hoogte van die spuitbalk op 3 – 4 meter bo die teiken. Moet nie spuit as die vliegtuig duik, klim of draai nie.
- 6) Atomiseringsapparaat moet die vereiste druppelgrootte en bedekking produseer en 'n druppelspektrum wat die kleinste moontlike Relatiewe Span bewerkstellig. Atomiseerders moet ook so geplaas word om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg. Hierdie aspekte sal die minste verlies van produk verseker.
- 7) Plaas die atomiseerder in die binneste 60 – 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat die druppels in die vlerkpuntvorteks beland.
- 8) Indien temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, 8 °C oorskry, moet toediening gestaak word.
- 9) As windspoed 15 km/u oorskry, moet toediening gestaak word.
- 10) Droë toestande gedurende die hitte van die dag lei tot turbulente en onstabiele omstandighede en toediening moet gestaak word.
- 11) Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- 12) Maak seker dat die Lugbespuitingsoperateur weet presies watter lande gespuit moet word.
- 13) Versekering van die Lugbespuitingsoperateur moet verkry word dat aan bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data vir toekomstige verwysing in 'n logboek saamgevat is.

Grondtoediening:

TebuCure Prime 250 EC kan met 'n konvensionele hoë volume spuitapparaat toegedien word. Kalibreer die spuitapparaat om te verseker dat die korrekte dosis en bedekking toegedien word. Die verspreiding van die spuitvolume op die teikengebied moet uniform wees.

Dien die aanbevole toedieningsdosis van **TebuCure Prime 250 EC** in 300 ℓ water per hektaar toe.

TOEDIENINGSTABEL		
GEWAS en SIEKTE	DOSIS per hektaar of soos aangedui	AANBEVELINGS
GARS Blaarvlek/Blaarskroei (<i>Rhynchosporium secalis</i>)	350 mℓ TebuCure Prime 250 EC /ha	Dit is BELANGRIK om TebuCure Prime 250 EC toe te dien sodra die eerste simptome waargeneem word of tussen die 7-blaar en vlagblaar stadium . 'n Enkele toediening vir die beheer van blaarvlek behoort voldoende te wees, maar onder toestande van hoë siektedruk kan 'n tweede toediening 3 – 4 weke later toegedien word.
Blaarroes/Bruinroes (<i>Puccinia hordei</i>)	300 mℓ TebuCure Prime 250 EC /ha	Blaarroes/Bruinroes, Poeieragtige Meeldou: Dien TebuCure Prime 250 EC toe wanneer die eerste simptome waargeneem word. Wanneer simptome weer verskyn, dien 'n tweede toediening 4 weke later toe.
Netvlek (<i>Pyrenophora teres</i> / <i>Helminthosporium</i> sp.)	1 ^{ste} toediening 400 mℓ/ha 2 ^{de} toediening 350 mℓ/ha	Vir Netvlek , onder toestande van hoë infeksiedruk, kan 'n opvolgtoediening 3 – 4 weke na 1^{ste} toediening aangewend word.

Poeieragtige Meeldou (<i>Brumeria graminis hordei</i> / <i>Erysiphe graminis</i>)	300 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	
KANOLA Swartstam (<i>Leptosphaeria maculans</i> anamorf <i>Phoma lingam</i>)	630 – 760 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Dien die eerste toediening tydens die 4 – 6 blaarstadium van vatbare kultivars toe, of onder toestande van hoë siektedruk. ’n Tweede bespuiting kan gedurende roset vorming in hoë risiko toestande of in die afwesigheid van swartstam saadbehandeling toegedien word. Gebruik die hoër dosis (760 mℓ/ha) onder hoë siektedruk. TebuCure Prime 250 EC behandeling sal die omval van kanola-plant en die risiko van stamkanker as gevolg van swartstam infeksies, verminder.
Sclerotinia Stamvrot (<i>Sclerotinia sclerotiorum</i>)		Dien TebuCure Prime 250 EC voorkomend toe tydens 20 % en 50 % blomstadium (volblom). Vir die beste resultate, dien TebuCure Prime 250 EC as ’n voorkomende behandeling gedurende 20 – 30 % blomstadium toe voor noemenswaardige siekte simptome waargeneem word. Verseker deeglike bedekking van die hele plant se oppervlakte. Gebruik die hoër dosis (760 mℓ/ha), onder hoë siektedruk.
NOTA: ’n Hoër swartstam (<i>Leptosphaeria maculans</i>) infeksie risiko kan verwag word gedurende hoër reënval periodes asook wanneer kanola binne 500 m van die vorige jaar se stoppels verbou word. Ander faktore wat ook die risiko van swartstam infeksies verhoog sluit in die intensiteit van kanola verbouing in die area, reënval voor saai en die herhaalde verbouing van dieselfde kanola kultivar. Hoe hoër die frekwensie van verbouing van dieselfde kultivar, hoe groter is die risiko vir seleksie van patogeniese rasse teen die betrokke kultivar.		
KORING:		
<ol style="list-style-type: none"> Blaarsiektes: TebuCure Prime 250 EC behoort toegedien te word met eerste tekens van besmetting voordat ’n 5 % besmettingsvlak bereik is. Vir oogvlek verwys na die toedieningstabel. ’n Tweede toediening, 3 weke (21 dae) na die eerste toediening, word aanbeveel vir koring met ’n hoë oes-potensiaal, veral in gevalle waar die eerste toediening vroeg (eerste node stadium) aangewend is en onder toestande gunstig vir siekte ontwikkeling, of wanneer ander siektes later in die seisoen ontwikkel. 		
Bruinroes/Blaarroes (<i>Puccinia triticina</i>)	300 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Dit is BELANGRIK om TebuCure Prime 250 EC toe te dien sodra die eerste simptome waargeneem word, maar nie later as die vlagblaar stadium nie.
Poeieragtige meeldou (<i>Blumeria graminis tritici</i> / <i>Erysiphe graminis</i>)	400 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Herhaal toediening wanneer simptome weer voorkom.
Bruinaarsiekte (<i>Stagonospora nodorum</i> , vorige naam <i>Septoria nodorum</i>)	400 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Dien toe vanaf 2^{de} node stadium, maar nie later as aarverskyning nie.
Oogvlek (<i>Helgardia herpotrichoides</i> , voorheen bekend as <i>Pseudocercospora herpotrichoides</i>)	600 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Dien een (1) bespuiting toe gedurende die 1^{ste} tot 2^{de} node stadium.
Stamroes (<i>Puccinia graminis</i>)	300 mℓ TebuCure Prime 250 EC/ha	Dien TebuCure Prime 250 EC toe sodra simptome waargeneem word.

TBPT-001